

13 Februarie

**Skrifgedeelte: 1 Konings 17:1-24**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 17:13-24**

### **God spreek deur die profete en wys ook vir ons hoe Hy vir hulle sorg in sy diens**

Dit tref dat God vir Elia geroep het om telkens (drie keer) met die goddelose koning Agab te gaan praat. Telkens waag Elia sy lewe, maar hy bly aan die Here gehoorsaam. Wanneer hy optree, tree hy onverskrokke op. Waarom kon hy dit doen? Die Skrif wys in Jakobus 5 daarop dat Elia 'n gewone mens soos ons was.

Ná sy eerste optrede, waar droogte as straf vir Agab en Israel aangekondig word, lees ons die Woord van die Here het tot hom gekom: *Gaan versteek jou by Kritispruit. Ek sal vir jou sorg.* Hier openbaar God dat sy versorging anders is as wat ons verwag. Die wilde kraaie bring vir hom vleis en brood, môtê en aand. Dit is teen die natuur van kraaie, maar God gebruik hulle. Niks is vir God onmoontlik nie.

Na 'n tyd kom die Woord van God weer tot Hom: *Gaan na 'n weduwee, in Sarfat naby Sidon, sy sal vir jou sorg. Gaan! Ek sal sorg.* Elia gehoorsaam.

Die (onrein) kraaie sorg vir hom, 'n weduwee uit Sarfat, nie uit Israel nie, sorg vir hom, soos God beskik. Deur haar sorg God vir Elia en vir haar en haar gesin. God het voorsien, meel, olie wat nie minder word nie, totdat die reën sou kom.

God laat egter iets onvoorsiens gebeur. Haar kind sterf en hier openbaar God sy almag: in antwoord op Elia se gebed word hy lewendig. God laat haar getuig: *Nou weet ek dat U die man van God is* – deur haar praat God met Elia. God openbaar Hom as die Almagtige; die meel, olie word nie minder nie, haar seun word uit die dood teruggegee.

God spreek deur woorde en dade tot Elia en ons vandag. Ons kan soos Elia weet: In God se hande is ons veilig. Hy kan en wil en sal vir ons sorg.

Sing: Psalm 46:1, 4 (Totius)

Ds. DF Coetzee (Piet Retief)